

Watermerke.

Lucie Moller. 2009. Pretoria: Protea Boekhuis. ISBN: 978-1-86919-312-6.

Die titel van hierdie digbundel verwys na één van die belangrike temas daarin, naamlik water: riviere en oseane (in "Prielkaart"), fonteine ("Ongekaarte reis") en reën ("As die reën dan kom"). Dit is die teenoorgestelde van ander terugkerende motiewe soos vuur ("Vuurdoop", "Vuurproef", "Brandhout" en "Vlam"). Water is die noodsaaklike lewensbron vir die bome en plante wat in talle gedigte voorkom, met hul teenpool in die woestynlandskappe wat in ander gedigte 'n belangrike rol speel. Maar die 'merke' speel ook in op die motief van kaarte (weer eens "Prielkaart" en "Kaartkamer") en naamgewing (byvoorbeeld "Aardwolf"). Soos die voorblad suggereer, kan die "watermerke" selfs die delikate vloei van water deur die are van 'n blaar wees; só noukeurig plaas Möller die natuur se vele fasette onder die vergrootglas.

Möller se debuut is 'n welkome toevoeging tot die verskynsel van sogenaamde "groen poësie" in Afrikaans. Dit is 'n uitdagende genre aangesien beskrywings van die natuur maklik kan vassteek by, wel, beskrywing. Daar is enkele gedigte in *Watermerke* wat nie hierdie slagvat vrygespring het nie. Maar daar is ook talle gedigte waarin die natuur meesterlik tot metafoor ingespan word vir die menslike belewenis – op kleiner én groter skaal, byvoorbeeld in "Prielkaart" (10):

Ingesonke are
soos die droë riviere van Afrika
vloei nog onderhuids terug

na hoofaar en stingel,
maar ook alkant na sy vreemd vernoemde baaie,
hawens, inhamme en grenslose oseane
waar ons nou weer anker probeer gooi.

Lucie Möller is 'n pleknaamkundige en dié gegewe het 'n onmiskenbare invloed op ge-

digte in *Watermerke* gehad. Die name van plekke, fauna en flora word as 't ware inkantaties waarmee vorm aan die natuur gegee word. Selfs die titels van die bundel se onderafdelings is verleidelik: "Met fynhout en sterrestof", "Aan voetsole", "Die oerbos in", "Diere sonder maskers" en "Tot alles vloei". Die bundel is op vernuftige wyse gestruktureer om gedigte oor mense en plekke (byvoorbeeld die Boesmans van die Kalahari in "Derm-snaardans") af te wissel met dié oor bosse en bome, diere en voëls en die ganse heelal (byvoorbeeld die openingsgedig, "Rigtingwysers"). Die temas en inhoud van die gedigte oorvleuel uiteraard, maar juis hierdie lewendige vloei het 'n samebindende effek.

Daar is tye waar sekere woorde en formulerings miskien té verleidelik vir die digter was en waar die betekenis dus uiteindelik vaag bly, byvoorbeeld die slotreëls van "Aardvark" (65): "die drieklouspoor / ontsyfer en bevry as amulet". Die retoriese vrae in "Aardwolf" is werklik nie geslaag nie, en die slotreëls is meer droog wetenskaplik as poëties. 'n Mens hoop dat die digter in toekomstige bundels 'n fermere greep op beelde en ander stylfigure sal hê wat die werklik betowerende tonele en fassinerende verbande van haar gedigte nog meer tot hulle reg sal laat kom.

In die geheel is die bundel egter 'n belonende verkenningstog deur tekste met volop misterieuse wandelpaadjies. Die bundel besit 'n besondere rykheid en omvang – van geboorte ("Geboortevure") tot die dood (onder andere "Melkweg" en "Doodsvoël"), afskeid en liefde. Dit is natuurpoësie waarin die mens se verbondenheid met die aarde oorvloedig blyk. *Watermerke* is die onpretensieuse debuut van 'n belowende digter.

Jacomien van Niekerk
Universiteit van Pretoria, Pretoria